


**MALAWI UITREIK:** Ons is veilig terug na 'n geseënde uitreik. Baie dankie aan almal wat ons ondersteun het, op watter wyse ookal, en ook aan die wat vir ons veiligheid en vir die uitreik in geheel gebid het. Al die ondersteuning maak dat ons dit kon beleef as 'n gemeente uitreik, en nie net 'n uitreik van die klompie wat saamgegaan het nie. Die meelewing was vir ons kosbaar!
Daar is steeds vrugte en veral neute by die kerkkantoor beskikbaar.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 30 JULIE 2017

*Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staat maak, altyddeur sê: "Die Here is groot!" (Psalm 40:17)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir KENANI Dienssentrum.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader om 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en 09:30 op Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Hospitaalbearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader om 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).
Kerkraadsvergadering om 18:00 in die saal.

***Onthou ons gemeente se webblad is: www.suidkerkmsb.co.za***

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer Herberg Kinderhuis was R2522-90.

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**NUWE LIDMATE:** Johan HA Roets en Renola Roets Gholflandgoed vanaf Suidkus. Hartlik welkom!

**DROë VRUGTE:** Ongeskilde perskes (R65/kg) en pekanneute in dop (R120/kg) is by die kerkkantoor te koop.

**BESTUURSKERKRAAD:** Vergader 3 Augustus (Donderdag) om 18:00 in die kerksaal.

**LENTE DANKFEES:** Ons basaar is DV op Vrydag, 1 September om 17:00 in en om die kerksaal. Volgende Sondag sal ons die konvenors se name en



telefoonnommers op die afkondiginge hê, sodat u kan aandui waar u betrokke wil wees. Ons het een en almal se hulp nodig! Begin solank u eie woekerpoging om 'n geldjie vooraf bymekaar te maak vir die tafel waarby jy betrokke wil wees.

Die meeste van ons het al 'n klippie in 'n dam gegooi en die rimpels dopgehou. Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther 'n klippie in die kerkdam gegooi. Daardie gebeurtenis 500 jaar gelede word vanjaar wêreldwyd gevier as *Reformasie 500*. Ongeveer 145 gemeentes landswyd neem deel aan 'n reeks getiteld, *Vreugdevol Vry* (preekreeks en kleingroepe).

Ons begin DV op 13 Augustus met die reeks. Die temas is:
1. Hou op probeer - net genade
2. Ontvang rus - net geloof
3. Meer as genoeg - net Jesus
4. Ontdek hoe om te leef - net die Bybel
5. Die lewe is 'n leid - net tot eer van God
6. Voel God se ritme - om gestuur te wees




### BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir Julie: Mans en Vaders*

"Here, hierdie week DANK ons U vir":
Die seën op die Malawi-uitreik en bewaring op die lang pad.
Vaders wat as geestelike leiers in hul huise optree.
Mans wat lang ure werk om te voorsien vir hulle gesinne.
Die mans se saambid-geleentheid Donderdae.
Die vrug van die Hervorming (Reformasie ) 500 jaar gelede - dat VREUGDEVOL VRY kan leef.
Kenani se werk en die Here se voorsiening op wonderlike maniere.

"Here, hierdie week BID ons tot U en vra":
Vir ons geloofsoffers. Slegs ongeveer 1,5 sent uit elke Rand wat vir die kerk gegee word, word vir sendingwerk gebruik. Die ander geld word gebruik om Christene te help wat reeds die evangelie gehoor het en vir die geestelike opbou van gelowiges. Bitter min geld is beskikbaar om die onbereiktes met die evangelie te bereik. Bid vir 'n hartsverandering binne gemeentes en kerkrade en vir oop deure om die evangelie na die onbereiktes te neem. In baie gevalle is daar wel oop deure, maar nie fondse om hierdie geleenthede te benut nie.
Die minister van Onderwys en plaaslike onderwys-strukture (skole, skoolhoofde, beheerliggame, OOV's, onderwysers en leerders).
Vir SA en die politieke woelinge - vir die genade om die Here se hand raak te sien.
Vir pa's om rolmodelle vir hulle kinders te wees en hul vrou lief te hê soos die Here sy gemeente liefhet.
Reën vir ons area - sommige plase se watervoorraad is uitgeput.
Reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Ria Steyn Santos Haven, Anna Mongie Madelief, Anna Basson Santos Haven, Eric Moore Seringstr, Rienie Claassen Santos Haven, Cerina Lambrechts Pinnacle Park, Jackie Calitz Santos Haven, Francois du Toit 21ste Laan, Tokkie Marx Fijnboschpark, Johan Meyer 12de Laan, Nettie Pienaar McKinnerystr, Mali Theron Edgar Furnesstr, Driekie Strydom Da Gamastr, David en Lien Johnson Vleesbaai, Sarie Verwey Barlowstr.

**STERFTES:** Billy Alberts Protea aftree-oord (pa van Tanya), Koos Meiring Kenani, Ella Swanepoel Santos Haven, Dorothy Crafford Santos Haven (eggenoot van Fanie), Kotze Vermeulen Erik Pienaarstr, pa van Henk Stander 21ste Laan, Willie van Niekerk (voorheen van Protea-aftreeoord), Alta Louw Fynboshoogte.

**VERJAAR:** Rienie Claassen Santos Haven is 100 jaar oud. Baie geluk!